



## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Sinode van Wes-Kaapland

### SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5  
BELLVILLE  
7530

Privaat sak X8  
BELLVILLE  
7535

PBO: 9300 13251

T 021 957 7100  
E [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za)  
[www.kaapkerk.co.za](http://www.kaapkerk.co.za)

Verwys: Mnr K Raats

1 Desember 2019

---

### AAN: Kerkrade/Diensverhouding Kommissies

---

*\*\* Personeel word versoek om die skrywe vertroulik en professioneel te hanteer \*\**

## RIGLYNE VIR VERGOEDING VAN DIENSLERAARS EN JEUGWERKERS: 2020/2021

### 1. INLEIDING

Die skrywe moet saam gelees word met Omsendbrief van 1 Desember 2019 waarin riglyne vir vergoeding van gemeentepersoneel in detail bespreek word.

### 2. MARKVERWANTE SKALE

- 2.1 Die maandelikse TKVI (Totale Koste van Indiensneming) van personeellede is as grondslag gebruik. TKVI is die totale koste vir die gemeente wat alle werkgewer bydraes tot byvoordele en bonusse insluit. Vergelykbare statistiek in markopnames word op soortgelyke wyse gedoen.
- 2.2 Die voorgestelde skaal (riglyn) vir elke posgraad dui 'n minimum (onderste grens) en maksimum (boonste grens) aan. Die plasing van 'n personeelid tussen die grense word bepaal deur die personeelid se prestasie, dienstermyn, kwalifikasies (kennis en vaardighede) en verreken ook die gemeente se vermoë om die vergoeding te bekostig.
- 2.3 Posisionering tussen die 25<sup>ste</sup> en 75<sup>ste</sup> persentiel van markstatistiek word as 'n markverwante vergoedingskaal geag. Die NG Kerk se vergoedingskaal word jaarliks hersien in 'n poging om dit op 'n konstante posisie teenoor die mark te hou.
- 2.4 Die NG Kerk in SA se pasgemaakte vergoedingskaal is krities geëvalueer in die lig van huidige marktendense en -bewegings. Die bopunt van die vergoedingskaal raak net-net aan die 25<sup>ste</sup> persentiel van die markstatistiek (lyne).
- 2.5 Die NG Kerk in SA se vergoedingskaal is baie konserwatief. Die posisionering van die skaal onder die 25<sup>ste</sup> persentiel van die mark hou die risiko in dat gemeentes bekwame personeellede kan verloor (weens beperkte vermoë om te vergoed) en dit moeilik kan vind om geskikte kandidate uit die arbeidsmark te werf.

### 3. VERGOEDINGSKAAL VIR DIENSLERAARS

- 3.1 'n Diensleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, gelegitimeer, georden en bevestig is om diens te lewer met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding.
- 3.2 Die minimum en maksimum skaal is met minstens **5%** aangepas.
  - Die skaal dui die totale maandelikse koste (TKVI) vir werkgewers aan (alle werkgewerbydraes en bonusse word ingesluit).
  - Die skaal word gegrond op 'n 40-uur werksweek en behoort proporsioneel aangepas te word volgens werklike werksure.

Kerkrade plaas die **Diensleraar** – op grond van die posoms krywing en sy/haar ervaring – na wedersydse konsultasie op 'n posisie in die skaal tussen die minimum en maksimum.

### 4. VERGOEDINGSKAAL VIR JEUGWERKERS

- 4.1 Die vergoedingskaal vir Jeugwerkers is afgelei uit inligting verwerk vanuit nasionale opnames en inligting uit die vergoedingspesialiste se databasis. Die skaal is gestruktureer op 'n kurwe wat met die 25<sup>ste</sup> persentiel van die mark vergelyk. Die skaal is net van toepassing op Jeugwerkers wat 'n 3-jaar B.Diak diploma of graad verwerf het.

4.2 Die minimum en maksimum skaal is met minstens 5% aangepas.

- Die skaal dui die totale maandelikse koste (TKVI) vir werkgewers aan (alle werkgewerbydraes en bonusse word ingesluit).
- Die skaal word gegrond op 'n 40-uur werksweek en behoort proporsioneel aangepas te word volgens werklike werksure.

Kerkrade plaas die **Jeugwerker** – op grond van die posoms krywing en sy/haar ervaring – na wedersydse konsultasie op 'n posisie in die skaal tussen die minimum en maksimum.

## 5. AANBEVELING: 2020/2021

5.1

2019/2020	TOTALE KOSTE VAN INDIENSNEMING 2020/2021
R22 500 tot R35 500	R24 500 tot R38 165

5.2 Die personeellid se huidige posisie in die betrokke skaal, werksprestasie en die gemeente se vermoë (bekostigbaarheid) moet deurgaans in ag geneem word wanneer aanpassings oorweeg word.

**5.3 Ons wil dit weereens beklemtoon dat die skale slegs riglyne is en dat die gemeente se Kommissie vir Diensverhoudinge in oorleg met die Fondsekommissie behoort te besin oor die vergoeding van gemeentepersoneel en aanbevelings aan die Kerkraad maak van wat reg en billik is.**

Vriendelike groete

*Mnr K Raats*

**BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONNE**

**\*\* Let wel \*\***

*Die verantwoordelike en billike vergoeding en versorging van ons personeel behoort vir die Kerk 'n hoë prioriteit te wees.*